'Voorgelegde dokument-

BYLAE D

UITERS GEHEIM

S W 6/3

## KORTTERMYNSTRATEGIE VIR ZIMBABWE-RHODESIË

(Uitgeklaar met die Voorsitters van die Gesamentlike Veiligheidstaf, die Staatkundige Aksiekomitee, die Ekonomiese Skakelkomitee en die Sielkundige Aksiekomitee op 10 Julie 1979)

### DIE STRATEGIESE SITUASIE

1. Polities

(a) Daar heers steeds 'n groot mate van onsekerheid in die land, grotendeels as gevolg van die feit dat internasionale sanksies nog nie opgehef is nie, interne struwelinge na afloop van die verkiesing opgeduik het, die nuwe regering nog nie erken word nie en die terroriste-aanslag nog geen afname getoon het nie.

(b) Aan die positiewe kant tel daar die feit dat die regering, as gevolg van die Konserwatiewe bewind in Brittanje se erkenning van die regverdigheid van die verkiesing, 'n mate van legaliteit en dus ook onderhandelingskrediet verleen is.

(c) Onder aansienlike druk van die "frontlinie-state" en deur die bemiddeling van die Ethiopiese staatshoof, het die PF daarin geslaag om tot 'n raamwerk vir groter politieke en militêre eenheid ooreen te kom. Dit het tot gevolg gehad dat die militante, marxistiese Ethiopië 'n groter inspraak ten opsigte van die ZR-kwessie gekry het.

(d) Die strategie van die "frontlinie-state" is tans om hulle te beywer vir die nie-erkenning van ZR, vir die verskerping van die gewapende stryd, vir die verkryging van groter eenheid binne die PF en vir 'n oënskynlike bereidwilligheid tot onderhandelinge met Brittanje en die interne leiers.

2/....

(e) Weens die vloeibare binnelandse politieke toestand kan veranderinge in die samestelling van die huidige bedingingsgroepe in ZR nie buite rekening gelaat word nie. Dit is byvoorbeeld moontlik dat binnelandse politieke groepe hulle kan wend tot onderhandelinge met die PF, iets wat moontlik tot die verbrokkeling van die regering en die ineenstorting van die Blanke moreel en dié van die VMe aanleiding kan gee.

2. Ekonomies

(a) Die herbevestiging van die handhawing van voortgesette sanksies/boikotte deur die VN, EEG en OAE kon tot op hede nog nie die land se buitelandse handel tot stilstand dwing nie, veral weens die deurslaggewende rol wat die RSA se ekonomiese ondersteuning in dié verband gespeel het.

(b) ZR se ekonomie het egter sedert 1975 'n negatiewe groeikoers getoon. Faktore wat hiervoor verantwoordelik was, was onder andere 'n tekort aan buitelandse valuta, stygende verdedigings uitgawes en Blanke emigrasie.

(c) Ekonomiese vooruitsigte vir 1979/80 is in 'n belangrike mate gekoppel aan die opheffing of gedeeltelike opheffing van sanksies. Hoewel opheffing van sanksies tot stimulering van die ekonomie mag lei, sal buitelandse handel steeds beperk word as gevolg van probleme wat deur die spoorweë ondervind word om uitvoergoedere te hanteer.

(d) Ander ekonomiese knelpunte is onder andere:-

(i) die swak oesverwagtings as gevolg van die droogte;
(ii) probleme ondervind deur veral beesboere;
(iii) stygende brandstofpryse;
(iv) 'n dalende toeristesyfer.

3/....

3. Militêr

a) In die jongste tyd het terroristevoorvalle in al die operasionele gebiede weer gestyg tot 'n hoër peil as voor die verkiesingstydperk.

(b) Die PF beskik oor 'n beraamde effektiewe sterkte van 48 000 terroriste wat onderskeidelik uit 26 500 ZPRA en 21 500 ZANLA bestaan, en 'n totale potensiële mag van 67 000 man. Gedurende die afgelope twee jaar het die sterktes van die terroriste jaarliks verdubbel. 12% van ZPRA se operasionele mag is in ZR ontplooi teenoor nagenoeg 73% van ZANLA.

(c) Die USSR het besluit om voorts ook militêre bystand aan ZANLA te verleen, asook volgehoue steun aan ZPRA.

(d) Teenoor hierdie terroristegetalle ondervind die VMe knelpunte met betrekking tot die wisselende moreel van die bevolking, 'n tekort aan inligting, mannekrag en uitrusting. Daar bestaan veral 'n nypende tekort aan helikopters. Van die 10 Bell helikopters is slegs vier operasioneel en twee word vir opleiding gebruik.

NASIONALE DOELSTELLING

4. Binne die Suidelike Afrika-strategie word 'n gematigde, stabiele, RSA-goedgesinde en nie-kommunistiese regering in ZR nagestreef, met wie die RSA op alle gebiede kan saamwerk en wat deel uitmaak van 'n Suider-Afrikaanse konstellasie van state.

DOEL VAN DIE KORTTERMYNSTRATEGIE

5. Om die gekose Zimbabwe-Rhodesië regering te ondersteun om 'n stabiele, gematigde, RSA-gesinde en nie-kommunistiese regering te vestig.

4/....

KE VIR UITVOERING VAN DIE KORTTERMYNSTRATEGIE

6. Taak 1: Om op 'n wyse wat daartoe sal bydra om 'n patroon van ZR-afhanklikheid van die RSA te ontwikkel, die Zimbabwe-Rhodesië regering binne die vermoë en tot die langtermynvoordeel van die RSA op diplomatieke, ekonomiese, maatskaplike en sielkundige gebied te ondersteun om politieke en ekonomiese stabiliteit te verkry en te handhaaf.

7. Taak 2: Om die Zimbabwe-Rhodesië regering alle redelike militêre en polisiehulp te verleen om die veiligheidsituasie te stabiliseer.

8. Taak 3: Om die gasheerlande van die terroristebewegings daartoe te beweeg om hulle ondersteuning aan die bewegings op te sê.

9. Taak 4: Om voortgesette ekonomiese en militêre bystand te koppel aan doeltreffende pogings deur die GNU tot politieke stabiliteit en opheffing van sanksies.

Taak 5: RGBS moet die uitvoering van die strategie (take 2-4) koördineer.

OPTREDES VIR UITVOERING VAN TAKE

10. Taak 1: Om die Zimbabwe-Rhodesië regering op diplomatieke, ekonomiese, maatskaplike en sielkundige gebied te ondersteun om politieke stabiliteit te verkry.

(a) Staatkundige optredes

(i) Beklemtoning deur diplomatieke skakeling op hoë vlak van vereiste van samewerking tussen leiers van verskillende partye en groepe, en om toe te sien dat alles moontlik gedoen word om die gesamentlike doelstellings te bereik.

(ii) Beïnvloeding van westerse regerings en gematigde Afrika-state tot opheffing van sanksies.

5/....

(iii) Bevorder aanvaarding van huidige Zimbabwe-Rhodesië regering deur dié lande wat tans met Zimbabue-Rhodesië handel dryf.

(iv) Koördinasie van RSA-ondersteuning, met Zimbabwe-Rhodesië se eie strategie (RGBS).

(v) RSA moet huidige diplomatieke betrekkinge behou en selfs uitbou, sonder om eensydig tot de jure-erkenning oor te gaan.

(b) Ekonomiese optredes

(i) Voortgesette en waar nodig verdere uitbreiding van ekonomiese ondersteuning aan en samewerking met ZR, met inagneming van Suid-Afrika se eie ekonomiese vermoë, belange en prioriteite, die balans van wedersydse kwesbaarheid wat uit dié samewerking voortspruit, en ZR se beleid teenoor die RSA. Sodanige ondersteuning sal onder andere die huidige voordelige toelating van in- en uitvoere en die voortgesette verlening van uitvoerkrediet aan ZR vir die instandhouding van sy noodsaaklike infrastruktuur insluit.

(ii) ZR se huidige ekonomiese en finansiële afhanklikheid van die RSA moet, indien nodig en solank moontlik, as 'n hefboom tot eie strategiese voordeel aangewend word en ekonomiese hulp aan ZR moet onmiddellik in heroorweging geneem word indien dit sou blyk dat ZR internasionale erkenning nastreef ten koste van goeie verhoudings met die RSA.

(iii) Ekonomiese swak en sterk punte van ZR wat respektiewelik tot die RSA se voordeel benut kan word en moontlik teen die RSA aangewend kan word, moet deurlopend

6/....

geïdentifiseer word en toepaslike beplanning en optrede moet daarop gebaseer word.

(c) Veiligheidsoptredes

Geen spesifieke optredes nie.

(d) Sielkundige optredes

(i) Propaganda intern en ekstern om stabiliteit van Zimbabwe-Rhodesië regering te beklemtoon.

(ii) Oproep aan binne- en buitelandse leiers om mee te werk tot opbou van Zimbabwe-Rhodesië in 'n ekonomiese stabiele gebied.

(iii) Beklemtoon noodsaaklikheid van kapitaalbeleggings.

(iv) Ondersteun de-eskalasie van oorlog in Zimbabwe-Rhodesië en propageer amnestie aan terroriste (laasgenoemde moet gemonitor word).

(v) Propageer algemene konsep van gemeenskap van Suidelike Afrika state.

(vi) Voortgesette en uitgebreide steun op maatskaplike gebied.

11. Taak 2: Om die ZR-regering alle redelike militêre- en polisiehulp te verleen om die veiligheidsituasie te stabiliseer.

(a) Staatkundige optredes

(i) Samesprekings op hoë vlak om die hulpverlening en optrede op veiligheidsgebied te klaar en te koördineer.

7/....

(b) Ekonomiese optredes

Geen spesifieke optredes nie.

(c) Veiligheidsoptredes

(i) Aanvanklik, voordat sanksies gelig word, kan oorweging verleen word aan moontlike overte steun in gevalle waar RSA-belange direk geraak word soos op die RSA-noordelike grens waar RSA handelsroetes met Rhodesië bedreig word. Hierby aansluitend, die bedreiging van die RSA-grens in die Tuli-blok in besonder waar SA ANC-terroriste van voorneme is om teen RSA op te tree. Die bekamping moet met die nodige sielkundige aksie gepaard gaan.

(ii) Koverte lugsteun vir offensiewe optrede teen terroris en ander teikens wat hoofsaaklik in gasheerlande hulle voordoen.

(iii) Ondersteun ZR in die lei van spesiale operasies.

(iv) Ondersteuning met elektroniese oorlogvoering.

(v) Ondersteuning met lugfoto verkenning.

(vi) Koverte militêre logistiese ondersteuning.

(d) Sielkundige aksie

(i) Bedekte propaganda in Zimbabwe-Rhodesië om die Republiek se ondersteuning van die stryd teen kommunisme te beklemtoon.

(ii) Oproep om samewerking van plaaslike bevolking in stryd teen terroriste, met beloning vir goeie dienst

8/....

Taak 3: Om die gasheerlande van die terroriste-bewegings daartoe te beweeg om hulle ondersteuning aan dié bewegings op te sê.

(a) Die optredes nodig vir die uitvoering van hierdie taak is in detail uitgespel in die korttermynstrategieë vir elk van Botswana, Zambië en Mosambiek.

13. Taak 4: Om voortgesette ekonomiese en militêre bystand te koppel aan doeltreffende pogings deur die GNU tot politieke stabiliteit en opheffing van sanksies.

(a) Staatkundige optredes

(i) Die Republiek van Suid-Afrika moet Zimbabwe-Rhodesië aanmoedig om niks te doen wat die opheffing van sanksies bemoeilik nie.

(ii) Koördinering met ekonomiese en militêre instansies om te verseker dat hulle bystand só verleen word dat aan die gestelde doelwit van "doeltreffende pogings deur die GNU" uitvoering gegee word.

(b) Ekonomiese optredes

Koördinering soos onder (a)(ii) hierbo.

(c) Veiligheidsoptredes

Koördinering soos onder (a)(ii) hierbo.

(d) Sielkundige optredes

Geen spesifieke optredes nie.

9/....

Koördinerende instruksies

(a) Die finansiële implikasies van optredes wat nie binne die raamwerk van bestaande goedgekeurde begrotings kan geskied nie, moet duidelik uitgespel word. Sodanige optredes is onderhewig aan die normale begrotingsprosedures vir die toedeling van fondse.

(b) Die RGBS moet, wanneer optredes gekoördineer word, die omvang en tydskaal ten opsigte van ondersteuning aan ZR bepaal.

SEKRETARIAAT VAN DIE SVR-WERKKOMITEE
PRETORIA
11 JULIE 1979

GOEDGEKEUR/NIE GOEDGEKEUR NIE
SVR-VERGADERING

DATUM: -----------------